



VERBREEK DIE KRINGLOOP VAN 'n OOG vir 'n OOG

Met die toenemende aanvalle op die Christene in die Midde-Ooste worstel SAT-7 Stigter en Internasionale Hoof Uitvoerende Beampte, Dr Terence Ascott met die vraag wat dikwels gehoor word – hoe behoort gelowiges te reageer op geweld?



Terwyl 60 miljoen mense tans direk geraak word deur die konflik in Sirië, Irak, Jemen en Libië, neem gemeenskappe wat vasgevang word in pyn, verlies en ontworteling toenemend toe. Die koelbloedige moorde en selfmoord-bomaanvalle laat talle van ons broers en susters in rou, wanhoop, woede en met [gevoelens van kwesbaarheid](#).

Jesus het sy volgelinge geleer om hul vyande te vergewe, te verdra en lief te hê te midde van wreedheid en geweld. Hierdie opdrag van Jesus het gekom tydens die Romeinse besetting en sou op daardie tyd net so skokkend gewees het as in die Midde-Ooste vandag. Nietemin, in Matt 5:38 toon Hy aan dat die gewelddadige “oog vir 'n oog” kringloop, wat steeds in die Midde-Ooste geld, net gestuit kan word met 'n reaksie wat vrede oordra.

Saam op die pad van Genesing

SAT-7 speel 'n unieke rol in die ondersteuning van ons broers en susters wat in hierdie tyd deur geweld geraak word. SAT-7 se programme bemoedig [die lydende kerk](#) in Egipte, Sirië, Irak en ander oorloggeteisterde en geslote lande in die streek. Die verskeie programme help die kykers om hul gevoelens te verwerk, herinner hulle dat God by hulle is en verduidelik die waarde van 'n reaksie wat 'n Jesus-gesindheid openbaar.

SAT-7 KIDS se programme [help die jong kykers om hul gevoelens te verstaan](#) en te verwerk. Elke kind in Sirië het waarskynlik al 'n lid van hul naby familie verloor. Rou en trauma-verwerking is 'n lang proses. Kits-

berading werk nie en 'n TV program kan nie 'n kind se pyn en woede wegneem nie. Nietemin is SAT-7 KIDS se mikpunt om die kinders en hul gesinne te bereik met [programme wat stap vir stap hul reaksies aanspreek](#), vir hulle bid en hul bewus maak van God se liefde.

Beradingsprogramme soos *Saam met Smima* hanteer vrae oor trauma en ouerskap. Daar is ook [spesiale programme vir vroue](#) wat hul toerus met logiese argumente en begrip vir die krag van 'n Christelike respons van vrede wat opbou en herstel. As moeders én natuurlike stemme vir medelye en begrip in die samelewing, speel vroue dikwels 'n deurslaggewende rol in krisistye.

Onlangse uitsendings van *Hou aan Sing!* het die beleving van vrede, ten spyte van vrees midde die geweld, as vrug van die Gees beklemtoon.

Vergifnis as keuse in 'n “Skande-Kultuur”

Mans in die Midde-Ooste leef in 'n “skande-kultuur” waar dit oneerbaar vir 'n man is om nie wraak te neem wanneer hy of sy gesin, of selfs bevolkingsgroep kwaad aangedoen word nie. As die man nie vergeld nie, word hy beskou as 'n swak lafaard wat skande en skaamte oor sy familie en gemeenskap bring. SAT-7 se [programme vir mans](#) probeer hierdie gesindheid teenwerk met die Christelike boodskap dat dit juis buitengewone moed en dapperheid verg om die kringloop van geweld stop te sit.

Hoe moet ons bid?

Die vraag oor hoedanig die staat se optrede teen terrorisme behoort te wees, is 'n afsonderlike besprekingspunt. Regerings is deur God aangestelde instansies met die opdrag om sy burgers te beskerm. Ons moet daarom bid vir die verskillende regerings in die streek – dat hul met regverdigheid sal optree en intree vir die minderheidsgroepe. So ook vir die plaaslike beamptes wat soms simpatiek is teenoor die Christene, meer dikwels nie.

Maar bowenal moet ons bid vir ons broers en susters in die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Hulle het die afgelope tyd geweldig gely en tog het hulle en hul Christelike getuïenis staande gebly. Terwyl hierdie 'n baie pynlike tyd is, is dit ook 'n tyd van unieke geleentheid. Die getuïenis van mense wat bereid is om vir hul geloof te sterf, wat bid vir hul vervolgers, wat openlik hul aanvallers vergewe, is kragtig en kan nie ontken word nie. Dit het ongelooflike trefkrag in 'n tyd van groot ontugtering by baie mense in die streek.

Bid asb saam vir die Arabiese, Iranese en Turkse Christene – dat die Here God hulle sal vertroos en genees, seën en krag gee om steeds 'n skynende lig vir Hom te wees. ■

VOED DIE JEUG SE ENERGIE

Jeugdige energie, leergierigheid en potensiaal word nie maklik geassosieer met die Arabiese wêreld nie. Tog, een derde van hierdie streek se bevolking is tussen 15 - 29 jaar oud, en nog `n derde is onder 15. Dink aan die potensiaal van hierdie lande! ... As die struikelblokke net oorkom kan word: konflik, swak politieke deelname, min werksgeleenthede en diskriminasie.

Baie kerke in die Midde-Ooste werk hard om jongmense te help om hul potensiaal te verwesenlik – deur skoolonderrig, jeugkampe, jeugkore, talentvertonings en deur hulle te mobiliseer vir diens in die kerk en die gemeenskap.

SAT-7 programme maak gereeld gebruik van talentvolle jeug- en kinder-orkeste en kore, soos die “Better Life” en “Good News” spanne in Egipte. SAT-7 KIDS programme vestig ook die aandag op positiewe aktiwiteite van jongmense.

Praise Factory is `n gewilde SAT-7 regstreekse uitsending vir die onder 15's. Elke week tree `n groot groep jong sangers in die program op. Jongmense word gemotiveer om hul omstandighede en gevoelens voor God te bring in aanbiddingsliedere.

Onlangs is `n nuwe aanbiddingstyl die eerste keer in die program gebruik: ‘Hip hop’, `n musiekstyl met onder andere ritmiese, vinnig-uitgespreekte sang – baie gewild in die Midde-Ooste, hoewel nie altyd onder volwassenes nie.

Musiek wat jeug raak

Tony Favez, `n sanger-liedjieskrywer en vryskut by SAT-7, skryf lirieke en komponeer aanbiddingsliedere om uit te reik na jongmense en hul te help om te aanbid in `n taal en styl wat hulle voel aan hulle behoort.

“Die vinnige ritme weerspieël die passie, energie en spoed van tieners,” sê Tony. “Dis die musiek wat hulle luister as hulle bymekaar is. Dit is `n goeie manier om hulle te bereik, met Christelike lirieke wat hulle kan onthou en saamsing.”

Tony het “Ek bly by die kerk” op *Praise Factory* gesing, met woorde wat `n jongmens se liefde vir die kerk uitdruk en redes gee om “by die kerk te bly”.

Delf dieper

“My Sondagskoolonderwyser wat klavier speel en ons liedere leer, is ingebrand in my geheue,” vertel hy. “Tienerjare is `n vrugbare tyd om met musiek Christelike beginsels oor te dra – meer doeltreffend as baie preke wat hulle later as volwassenes hoor.”

Tony het hierdie styl begin gebruik vir jong tieners nadat hy hulle bespreking op straat gehoor het hoe hulle luister na `n Egiptiese lied, “Wees net jouself” - by hierdie ouderdomsgroep `n treffer wat individualisme, ontdekking van jou vermoëns en dankbaarheid teenoor God en ander beklemtoon.

“Toe ek hierdie sekulêre lied hoor wat so suksesvol goeie gedagtes oordra, was ek oortuig ons kan dieselfde doen en met Christelike liedere jongmense oor Jesus leer.”

Hierdie benadering lok wel kritiek van sommige uit. Tradisionele kerke en party ouers voel die taal doen afbreuk aan Christelike waardes en bevorder swak taalgebruik. Tony glo jongmense moet `n mate van vryheid hê om hul geloof uit te druk op maniere wat vir hulle sin maak. “Jongmense doen wat hulle wil en luister na musiek waarvan hulle hou. So, ons kan eerder na hulle uitreik en hul taal praat as om onbuigbare reëls op hulle af te dwing.” ■



Kontakbesonderhede in SA:

Posbus 72646
Lynnwoodrif
Pretoria 0040
SUID-AFRIKA

www.sat7sa.org
southafrica@sat7.org
+27 83 628 6488
+27 12 807 2763

Bankbesonderhede in SA:

SAT-7 South Africa
ABSA / Takkode: 632005
Tjekrekening: 93-1343-4717
Verstrek asb naam en adres
met inbetaling

MAAK
LIEFDE
SIGBAAR